



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

GESKIEDENIS V2

MODEL 2013

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos in die KABV-dokument.
2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit SES opstelvrae.
4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.
5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 5.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 5.2 Die derde vraag kan óf 'n brongebaseerde óf 'n opstelvraag wees.
6. Jy moet jou kennis, vaardighede en insig in die beantwoording van vrae toepas.
7. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal jou benadeel.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: HOE HET DIE VRYHEIDSMANIFES 'N GEVOEL VAN NASIESKAP ONDER ALLE SUID-AFRIKANERS AANGEMOEDIG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Identifiseer enige SES eise soos in die bron vervat. (6 x 1) (6)
- 1.1.2 Verduidelik waarom jy dink grondhervorming 'n belangrike grief teen die apartheidsregering was. Ondersteun jou antwoord deur bewyse uit die bron en jou eie kennis te gebruik. (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Waarom dink jy het die mynwerkers die volgende geëis: 'Laat ons van vryheid praat! Ons roep die steenkool-, goud- en diamantmynwerkers!' (1 x 2) (2)
- 1.2 Gebruik Bron 1B.
- 1.2.1 Noem enige DRIE eise wat afgevaardigdes by Kliptown gestel het, soos getoon in die foto. (3 x 1) (3)
- 1.2.2 Beskryf die gemoed van die mense in die bron. Gee bewyse uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Hoe bruikbaar is hierdie bron vir 'n historikus wat 'n studie van die opstel van die Vryheidsmanifes maak? (1 x 3) (3)
- 1.3 Lees Bron 1C.
- 1.3.1 Kies die klousule uit die Vryheidsmanifes wat die volgende geëis het:
- (a) Herverdeling van grond
(b) Nasionalisering van myne
(c) Verpligte onderwys
(d) Voorsiening van huise (4 x 1) (4)
- 1.3.2 Identifiseer en verduidelik watter TWEE klousules in die Vryheidsmanifes die Nasionale Party sou teenstaan. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 'Die deure van onderwys en kultuur sal oopgemaak word.' Stem jy saam met hierdie klousule in die Vryheidsmanifes, of nie? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (1 x 3) (3)

- 1.4 Bestudeer Bron 1D.
- 1.4.1 Waarom het die Afrikaniste sommige van die klousules in die Vryheidsmanifes teengestaan? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Waarom dink jy is hierdie foto geneem? (1 x 3) (3)
- 1.4.3 Lewer kommentaar op die skakel tussen die foto en die stigting van die PAC. (1 x 2) (2)
- 1.5 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun rakende die PAC se reaksie op die Vryheidsmanifes. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik hoe die Vryheidsmanifes probeer het om 'n begrip van nasieskap onder alle Suid-Afrikaners aan te moedig. (8) **[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAGOORLOG TUSSEN DIE JODE EN ARABIERE
DIE SPANING IN DIE MIDDE-OOSTE GEDURENDE DIE 1960's
VERERGER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord dan die vrae wat volg.

- 2.1 Bestudeer Bron 2A.
- 2.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat suggereer dat beide die Israeli's en Arabiere voorbereid was op oorlog. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Verduidelik tot watter mate jy dink die Verenigde Nasies suksesvol was in die oplossing van die 'Palestynse kwessie'. (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Waarom dink jy was Israel konstant deur die Arabiese wêreld bedreig? (1 x 2) (2)
- 2.2 Gebruik Bron 2B.
- 2.2.1 Watter boodskap probeer die spotprenttekenaar oordra oor die Arabies-Israelse konflik? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die spotprenttekenaar die volgende uitbeeld:
- (a) Israel (1 x 2) (2)
- (b) Die Arabiese Bond (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Gebruik jou kennis van die tydperk om te verduidelik of die spotprenttekenaar eensydig is in die manier waarop hy beide die Arabiese Bond en Israel uitbeeld. (1 x 3) (3)
- 2.3 Vergelyk Bron 2A en 2B. Verduidelik waarom hierdie spotprent effektief is in die uitbeelding van die uitdagings waarmee Israel gekonfronteer is, soos geïdentifiseer in Bron 2A. (2 x 2) (4)
- 2.4 Raadpleeg Bron 2C.
- 2.4.1 Waarom, volgens die bron, was Israel suksesvol in die Sisdagoorlog? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Gee DRIE redes waarom die Sisdagoorlog vir Israel 'n militêre sukses was. (3 x 1) (3)
- 2.4.3 Haal VIER gevolge van die Sisdagoorlog uit die bron aan. (4 x 1) (4)
- 2.5 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe hierdie bronne verskil oor die uitkoms van die Sisdagoorlog. (2 x 2) (4)

2.6 Lees Bron 2D.

2.6.1 Gebruik die bewyse uit die bron en jou eie kennis en verduidelik die rol wat die volgende supermoondhede in die Arabies-Israelse konflik gespeel het:

- (a) Sowjetunie (1 x 2) (2)
(b) VSA (1 x 2) (2)

2.6.2 Definieer die term *resolusie* in die konteks van die Verenigde Nasies in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.6.3 Verduidelik tot watter mate die VSA invloedryk was om te verhoed dat die Sowjetunie 'n resolusie om Israel uit die verowerde gebiede te laat onttrek, deurvoer. (2 x 2) (4)

2.7 Moshe Dayan het gesê: 'Ons het teruggekeer na hierdie heiligdom om dit nooit weer te verlaat nie.'

Gebruik hierdie inligting en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy verduidelik of die Sesdaagoorlog as 'n oorwinning vir die Jode beskou kan word.

(8)
[50]

VRAAG 3: WATTER STRATEGIEË HET BEVRYDINGSORGANISASIES NA DIE 1950's TEEN DIE APARTHEIDSREGERING GEBRUIK?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

- 3.1 Verwys na Bron 3A.
- 3.1.1 Verduidelik die volgende begrippe in jou eie woorde:
- | | | | |
|-----|---------------|---------|-----|
| (a) | Versetveldtog | (1 x 2) | (2) |
| (b) | Satyagraha | (1 x 2) | (2) |
- 3.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Nelson Mandela geweldloosheid as 'n taktiek teen die apartheidsregering gebruik het.
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (1 x 2) | (2) |
|--|--|---------|-----|
- 3.1.3 Verduidelik waarom Nelson Mandela tot die slotsom gekom het dat geweldloosheid 'n 'nuttelose' strategie was.
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (1 x 2) | (2) |
|--|--|---------|-----|
- 3.1.4 Watter benadering, volgens Nelson Mandela, was die enigste wapen wat apartheid sou kon vernietig?
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (1 x 1) | (1) |
|--|--|---------|-----|
- 3.2 Gebruik Bron 3B.
- 3.2.1 Verduidelik die boodskapPE wat deur hierdie spotprent oorgedra word.
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (2 x 2) | (4) |
|--|--|---------|-----|
- 3.2.2 Waarom dink jy het die vroue in die foto besluit om hierdie petisies aan Eerste Minister JG Strijdom te oorhandig?
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (2 x 2) | (4) |
|--|--|---------|-----|
- 3.2.3 Verduidelik hoe die volgende hierdie foto in die konteks van die Vroue-optog na die Uniegebou in 1956 sou beskou het:
- | | | | |
|-----|-------------------------------------|---------|-----|
| (a) | Nasionale Party-ondersteuners | | |
| (b) | Ondersteuners van die ANC Vroueliga | (2 x 2) | (4) |
- 3.3 Bestudeer Bron 3C.
- 3.3.1 Wat het Robert Sobukwe aangespoor om hierdie brief aan die polisiekommissaris te skryf?
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (1 x 2) | (2) |
|--|--|---------|-----|
- 3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Robert Sobukwe verbind was tot die gebruik van geweldloosheid as 'n benadering tot verzet teen die apartheidsregime.
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (2 x 1) | (2) |
|--|--|---------|-----|
- 3.3.3 Noem VYF woorde/frases wat Robert Sobukwe gebruik het om sy vooroordeel teen wit polisiebeamptes te beklemtoon.
- | | | | |
|--|--|---------|-----|
| | | (5 x 1) | (5) |
|--|--|---------|-----|

3.4 Lees Bron 3D.

- 3.4.1 Watter inligting kan jy aflei oor die veldtog teen die paswette in Sharpville nadat jy hierdie foto bestudeer het? (2 x 2) (4)
- 3.4.2 Verduidelik hoe die menseregte van hierdie betogers teen die paswette deur die Suid-Afrikaanse Polisie geskend is. (2 x 2) (4)
- 3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik tot watter mate Robert Sobukwe se vrese oor polisie-optrede in Bron 3C bevestig word in Bron 3D. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy die strategieë wat bevrydingsorganisasies na die 1950's teen die apartheidsregime gebruik het, verduidelik. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 4: NASIONALISME – SUID-AFRIKA

Beantwoord óf VRAAG 4.1 óf VRAAG 4.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 4.1 Bespreek die verskillende redes vir die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gedurende die 1930's. [50]

OF

- 4.2 Politieke kwessies het 'n belangriker invloed op die eenheid van Afrikaners gehad as kulturele kwessies.
Evalueer hierdie bewering krities in die konteks van die opkoms van Afrikaner-nasionalisme. [50]

VRAAG 5: NASIONALISME – AFRIKA

Beantwoord óf VRAAG 5.1 óf VRAAG 5.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 5.1 Verduidelik die verskillende faktore wat daartoe gelei het dat Ghana in 1957 onafhanklik van Britse koloniale beheer geword het. [50]

OF

- 5.2 Bespreek tot watter mate Pan-Afrikanisme daartoe bygedra het dat Ghana in 1957 onafhanklik geword het. [50]

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA 1940's–1960's

Beantwoord óf VRAAG 6.1 óf VRAAG 6.2. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

- 6.1 Verduidelik die metodes wat deur weerstandsorganisasies gebruik is om gedurende die 1950's apartheid teen te staan. [50]

OF

- 6.2 Dit was die regering se onderdrukking van politieke aspirasies van die meerderheid Suid-Afrikaners wat die aard van interne weerstand teen apartheid gedurende die 1960's verander het.
Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek krities. [50]

TOTAAL: 150